# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

==========================

THURSDAY, 15 JUNE 2023

1. The House met at 14:15.

2. The Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [14:15] The Speaker made a general announcement regarding the sitting of the Western Cape Provincial Parliament in accordance with Rule 1A of the Standing Rules pertaining to Members in remote attendance by electronic means.

4. [14:17] The Chief Whip moved without notice: That, notwithstanding the provisions of Rule 20(1), precedence be given to the Subject for Discussion.

   Agreed to.

5. [14:18] The House discussed the following subject in the name of Hon I Sileku:

   The recently released 2021/22 Auditor-General Municipal Audit Outcomes Report and the Western Cape's record of good governance on local-government level.

   Debate concluded.

6. [15:27] Interpellations.

7. [16:27] Questions.

8. [17:14] Statements by Members.

9. [17:39] Response to statements by Members by Dr I H Meyer, Minister of Agriculture and Mr A W Bredell, Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning.

10. [17:44] Motions with Notice *(in accordance with Standing Rule 151).*

    The Speaker made an announcement in accordance with the Standing Rule 151, all Notices of Motion by Members are required to be delivered to the Secretary for placing on the Order Paper. These motions, duly submitted, will be published on the Order Paper.

11. [17:45] Motions without Notice *(in accordance with Standing Rule 150).*

12. Ms P Z Lekker moved without notice: That the House notes with profound sadness the passing away of the ANC MP and former Minister, Tina Joemat-Pettersson, who died at her home in Cape Town on Monday 5 June 2023; notes that Joemat-Pettersson was a member of the ANC's National Executive Committee and the Chairperson of the Police Portfolio Committee, and previously served as Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries and Minister of Energy, as well as Education MEC in the Northern Cape; further notes that she was also a stalwart of the ANC women's league and liberation struggle; and extends condolences and sends a message of strength to her family and friends.

    Agreed to.

13. Mr L L Mvimbi moved without notice: That the House notes with deep shock and sadness the brutal murder of an ANC member of Drakenstein's ward 12, and Chairperson of the taxi association Codeta, Siyabulela Mandyoli; notes that Mandyoli was shot dead in front of his house in the Mbekweni area on Tuesday afternoon, 6 June 2023; notes that he served as both the Deputy Chairperson and Chairperson of the Bulelani Mangena branch; notes that he was also a Sanco and Congress of Democratic Taxi Associations (Codeta) Chairperson; notes that Mandyoli was a significant figure in the discussions that resulted in the reopening of the B97 route and that he was instrumental in securing the peaceful cohabitation between the two opposing taxi associations (Cata and Codeta) operating in Mbekweni; and sends heartfelt condolences to his family, friends and colleagues.

    Agreed to.

14. Mr M K Sayed moved without notice: That the House notes with deep shock and sadness the passing of a 20-year-old female student who was stabbed to death by a male student on Tuesday 6 June 2023 at the Nelson Mandela University, George Campus; and sends deepest and most heartfelt condolences to the family and friends of the deceased student.

    Agreed to.

15. Mr M Kama moved without notice: That the House notes the passing away of Mark Mausenbaum, affectionately known as "Coach Mouse"; notes that he was one of the founding members of the Milnerton Surf Lifesaving Club; notes that, when he joined the club in 2010, he touched many hearts in the broader lifesaving community; notes that his enthusiasm for the lifesaving movement has helped to nurture the lifesaving club that exists today; notes that Mausenbaum touched every corner of life at the club over the past 13 years in his many roles as nipper coach, chairman, club captain, barman, gear steward, cameraman, but mostly as a friend; and sends deepest condolences to his family and friends.

    Agreed to.

16. Ms W F Kaizer-Philander moved without notice: That the House notes with profound sadness the passing away of Marlene van Staden on Thursday 8 June 2023; notes that, at the time of her death, Marlene was serving as the Mayor of the Modimolle-Mookgophong Local Municipality and was the Democratic Alliance's first mayor in the province of Limpopo; notes that Marlene was a force for good in her municipality and served the communities of her town with grace and dignity; notes that she was a formidable female leader, not only in her party, but also in government; notes that Marlene fought various obstacles to bring good governance to Modimolle-Mookgophong; notes that her dedicated, optimistic and committed leadership should serve as an example to all those who serve in government across South Africa; sends our thoughts and prayers to the family, loved ones and colleagues of Marlene; expresses deep grateful for her dedicated civil service and her exemplary leadership; and may you rest in eternal peace, Marlene.

    Agreed to.

17. Mr C Fry moved without notice: That the House notes with sadness the passing away of the legendary former Bafana Bafana coach Clive Barker on Saturday 10 June 2023 at the age of 78; notes that he will be laid to rest on 15 June 2023 and sends its heartfelt thoughts and prayers to his family, loved ones and the South African football fraternity; honours Clive's dedicated service to his country; notes that he was a courageous figure who defied the apartheid regime in order to develop the game of football in black townships and it is precisely this unmatched commitment to the sport and passion to overcome deeply rooted divisions that left an indelible mark on the hearts of many South Africans; notes that, during a time of much tribulation and division, Clive led the South African men's football team to victory at the African Cup of Nations in 1996 on home soil and was a key figure in bringing pride and cohesion to our country during that delicate period; honours Clive as a truly great South African who inspired a nation and has left an indomitable legacy; notes that his famous "flying bird" celebration will forever be imprinted on the hearts and memories of South African football lovers across the nation; and bids Clive farewell and thanks him for his service.

    Agreed to.

18. Mr A P van der Westhuizen moved without notice: That the House acknowledges the outstanding achievement of Mr Christi van den Heever who was named the Agri Western Cape Santam Young Farmer of the Year last night, 14 June 2023; notes that Mr Van den Heever farms on Rietfontein in the Koue Bokkeveld with apples, pears, cherries, vines and cattle, and does his part to feed our country; further notes that Mr Van den Heever is committed to his community and that he sees job creation for the Koue Bokkeveld community as one of his core future goals; and admits that, without outstanding young farmers like him, our province's agricultural sector would not have been able to reach the heights it has reached over the past decade.

    Agreed to.

19. Ms P Z Lekker moved without notice: That the House notes that 13 June marked the day on which President Nelson Mandela and other Rivonia trialists were sentenced to life imprisonment on Robben Island; and remember these gallant fighters and celebrates their selfless sacrifices in the fight against apartheid.

    Agreed to.

20. The House adjourned at 18:05.

Digitally signed by Romeo Adams
Date: 2023.06.22 09:50:47 +02'00'

ROMEO ADAMS
Secretary to Provincial Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

========================

DONDERDAG, 15 JUNIE 2023

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:15] Die Speaker doen ’n algemene aankondiging met betrekking tot die sitting van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement in ooreenstemming met Reël 1A van die Staande Reëls van toepassing op Lede wat op afstand teenwoordig is met behulp van elektroniese middele.

4. [14:17] Die Hoofsweep stel sonder kennisgewing voor: Dat, ondanks die bepalings van Reël 20(1), die Onderwerp vir bespreking voorrang het.

   Goedgekeur.

5. [14:18] Die Huis bespreek die volgende onderwerp in die naam van agb I Sileku:

   Die Ouditeur-generaal se Verslag oor Munisipale Ouditutkomste vir 2021/22 wat onlangs vrygestel is, en die Wes-Kaapse rekord van goeie bestuurstoesig op plaaslikeregeringsvlak.

   Debat afgesluit.

6. [15:27] Interpellasies.

7. [16:27] Vrae.

8. [17:14] Verklarings deur Lede.

9. [17:39] Reaksie op verklarings deur Lede deur Dr I H Meyer, Minister van Landbou en mnr A W Bredell, Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning.

10. [17:44] Voorstelle met kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 151).*

    Die Speaker doen ’n aankondiging ooreenkomstig die Staande Reël 151 dat daar vereis word dat alle voorstelle met kennisgewing deur Lede by die Sekretaris ingedien moet word om op die Ordelys geplaas te word. Hierdie voorstelle, behoorlik ingedien, sal op die Ordelys gepubliseer word.

11. [17:45] Voorstelle sonder kennisgewing *(ooreenkomstig Staande Reël 150).*

12. Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van die ANC-LP en voormalige Minister, Tina Joemat-Pettersson, wat op Maandag 5 Junie 2023 by haar huis in Kaapstad oorlede is; kennis neem dat Joemat-Pettersson ŉ lid van die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee en die Voorsitter van die Portefeuljekomitee oor Polisie was, en voorheen gedien het as Minister van Landbou, Bosbou en Visserye en as Minister van Energie, sowel as LUR vir Onderwys in die Noord-Kaap; kennis neem dat sy ook ŉ staatmaker van die ANC-vroueliga en die bevrydingstryd was; en meegevoel betuig en ŉ boodskap van sterkte aan haar familie en vriende stuur.

Goedgekeur.

13. Mnr L L Mvimbi stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe skok en hartseer kennis neem van die wrede moord op ŉ ANC-lid van Drakenstein se wyk 12, en Voorsitter van die taxivereniging Codeta, Siyabulela Mandyoli; kennis neem dat Mandyoli Dinsdagmiddag 6 Junie 2023 voor sy huis in die Mbekweni-omgewing doodgeskiet is; kennis neem dat hy as beide die Ondervoorsitter en Voorsitter van die Bulelani Mangena-tak gedien het; kennis neem dat hy ook Voorsitter van Sanco en Congress of Democratic Taxi Associations (Codeta) was; kennis neem dat Mandyoli ŉ belangrike figuur was in die samesprekings wat gelei het tot die heropening van die B97-roete en dat hy instrumenteel was in die versekering van vreedsame samewerking tussen die twee opponerende taxi-verenigings (Cata en Codeta) wat in Mbekweni werksaam was; en innige meegevoel betuig met sy familie, vriende en kollegas.

Goedgekeur.

14. Mnr M K Sayed stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe skok en hartseer kennis neem van die dood van ŉ 20-jarige vroulike student wat op Dinsdag 6 Junie 2023 by die Nelson Mandela-universiteit, George-kampus, deur ŉ manstudent doodgesteek is; en diepe en innige meegevoel betuig met die familie en vriende van die oorlede student.

Goedgekeur.

15. Mnr M Kama stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die dood van Mark Mausenbaum, algemeen bekend as "Coach Mouse"; kennis neem dat hy een van die stigterslede van die Milnerton Surf Lifesaving Club was; kennis neem dat hy, toe hy in 2010 by die klub aangesluit het, baie harte in die breër lewensreddingsgemeenskap geraak het; kennis neem dat sy entoesiasme vir die lewensreddingsbeweging gehelp het om die lewensreddingsklub wat vandag bestaan, te koester; kennis neem dat Mausenbaum die afgelope 13 jaar elke aspek van die lewe by die klub aangeraak het in sy talle rolle as afrigter van jong lewensredders ("nippers"), voorsitter, klubkaptein, kroegman, toerustingsbestuurder, kameraman, maar bowenal as ŉ vriend; en innige meegevoel betuig met sy familie en vriende.

Goedgekeur.

16. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die dood van Marlene van Staden op Donderdag 8 Junie 2023; kennis neem dat Marlene ten tyde van haar dood as die Burgemeester van die Modimolle-Mookgophong- plaaslike munisipaliteit gedien het en die Demokratiese Alliansie se eerste burgemeester in die provinsie Limpopo was; kennis neem dat Marlene ŉ krag ten goede in haar munisipaliteit was en die gemeenskappe van haar dorp met grasie en waardigheid gedien het; kennis neem dat sy ŉ formidabele vroulike leier was, nie net in haar party nie, maar ook in die regering; kennis neem dat Marlene verskeie struikelblokke oorkom het om goeie bestuur na Modimolle-Mookgophong te bring; kennis neem dat haar toegewyde,

optimistiese en toegewyde leierskap as ʼn voorbeeld moet dien vir almal wat in die regering in Suid-Afrika dien; die familie, geliefdes en kollegas van Marlene in ons gedagtes en gebede hou; innig dankbaar is vir haar toegewyde staatsdiens en haar voorbeeldige leierskap; en mag jy in ewige vrede rus, Marlene.

Goedgekeur.

17. Mnr C Fry stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met hartseer kennis neem van die dood van die legendariese voormalige Bafana Bafana-afrigter, Clive Barker, op Saterdag 10 Junie 2023 in die ouderdom van 78 jaar; kennis neem dat hy op 15 Junie 2023 ter ruste gelê word en sy familie, geliefdes en die Suid-Afrikaanse sokkergemeenskap in ons gedagtes en gebede hou; Clive vereer vir sy toegewyde diens aan sy land; kennis neem dat hy ʼn moedige figuur was wat die apartheidsregime uitgedaag het deur die sport van sokker in swart informele nedersettings te ontwikkel en dit is juis hierdie ongeëwenaarde verbintenis tot die sport en sy passie om diepgewortelde verdeeldheid te oorkom wat ʼn onuitwisbare indruk op die harte van baie Suid-Afrikaners gelaat het; kennis neem dat Clive gedurende ʼn tyd van baie beproewing en verdeeldheid die Suid-Afrikaanse manssokkerspan tot oorwinning by die Afrikabeker-toernooi in 1996 op eie bodem gelei het en ʼn sleutelfiguur was wat trots en samehorigheid na ons land gebring het gedurende daardie delikate tydperk; Clive vereer as ʼn werklike groot Suid-Afrikaner wat ʼn nasie geïnspireer het en ʼn onuitwisbare nalatenskap nagelaat het; kennis neem dat sy beroemde “vlieënde voël”-viering vir altyd in die harte en herinneringe van Suid-Afrikaanse sokkerliefhebbers regoor die land ingeprent sal bly; en van Clive afskeid neem en hom vir sy diens bedank.

Goedgekeur.

18. Mnr A P van der Weshuizen stel sonder kennisgewing: Dat die Huis erkenning gee aan die uitstaande prestasie van mnr Christi van den Heever wat gisteraand, 14 Junie 2023, as die Agri Wes-Kaap Santam Jong Boer van die Jaar aangewys is; kennis neem dat mnr Van den Heever op Rietfontein in die Koue Bokkeveld met appels, pere, kersies, wingerd en beeste boer, en sy deel doen om ons land te voed; verder kennis neem dat mnr Van den Heever toegewyd is aan sy gemeenskap en dat hy werkskepping vir die Koue Bokkeveld-gemeenskap as een van sy kerntoekomsdoelwitte beskou; en daaraan erkenning gee dat sonder uitstaande jong boere soos hy, ons provinsie se landbousektor nie die hoogtes sou kon bereik wat dit oor die afgelope dekades bereik het nie.

Goedgekeur.

19. Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat 13 Junie die dag was waarop President Nelson Mandela en ander Rivonia-verhoorafwagtendes tot lewenslange gevangenisstraf op Robbeneiland gevonnis is; en hierdie dapper vegters in herinnering roep en hul onbaatsugtige opofferings in die stryd teen apartheid vier.

Goegekeur.

20. Die Huis verdaag om 18:05.

ROMEO ADAMS
Sekretaris van die Provinsiale Parlement